

9 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 31-32

Fokusgedeelte: Esegïel 32:11-16

'n Treurlied oor die wêreldgroties

In Esegïel kom daar agt hoofstukke voor wat profesieë teen die nasies bevat (Esegïel 25-32). Vier hiervan bevat profesieë teen Egipte. 'n Mens sou amper verwag dat Esegïel veral ook teen Babel sou profeteer aangesien Babel Jerusalem sou verwoes. Babel kom egter nie aan die orde nie, maar wel Egipte – tot sewe keer toe. Egipte was vir eeue een van die groot moondhede van die omgewing. Die volk het uit Egipte ontvlug om hulle vryheid te kry. Israel was dikwels niks meer as 'n speelbal tussen Egipte en een van die ander groot moondhede na die ooste (Assirië of Babilonië) nie. Toe die bedreiging van die ooste al hoe sterker geword het, het Israel telkens by Egipte hulp gesoek. Daarom sou Egipte self onder God se oordeel kom. Baie van die profesieë teen die nasies word in die vorm van 'n klaaglied gegiet. So word 'n treurlied oor die wêreldgroties gesing. Al die groot magte van die wêreld is maar instrumente in God se hand en kan nie voor Hom stand hou nie. Volke en mense wat hulle rug op God draai, kom op die ou end tot 'n val en van hulle grootheid bly niks oor nie. Daarom kan God se kinders in alle omstandighede rustig leef. Hulle weet dat God ook oor die groties van die wêreld regeer. Ons moet steeds God se Woord uitdra aan alle mense, maar diegene wat nie wil luister nie sal ook op die dag van oordeel 'n treurlied hoor.

Sing: Psalm 2:1,2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)